**Skriflesing:** Fil 1:3-11
**Tema:** Onderskei – wat om te doen wanneer die stad brand?

Daar word vertel dat keiser Nero viool gespeel het terwyl Rome aan die brand was. Is dit werklik waar? Wel dit is wat oorlewering vir ons sê.

In die geskiedenis van die kerk is heelwat voorbeelde van hoe die kerk by wyse v spreke ook viool gespeel het terwyl die wêreld om ons brand.

Ottomaanse troepe het Instanbul (ou Konstantinopel) op 6 April 1453 omsingel. Almal het besef dat 'n deurslaggewende oomblik vir hierdie streek aangebreek het. Die uitkoms van hierdie veldslag sou bepaal of die gebied voortaan onder Christen of Moslem oorheersing sou wees.
Wat het die kerk in daardie kritieke oomblik gedoen? Daar word vertel dat die kerkraad van een van die grootste kerke in die stad die aand voor hierdie inval 'n vergadering gehou het. Die sake op die agenda was:

- Watter kleur is die maagd Maria se oë?
- Is engele manlik of vroulik?
- Wat gebeur as 'n vlieg in die doopwater val – word die vlieg heilig of die water onheilig?

Die Ottomaanse inval het die Christelike invloed van meer as 1 100 jaar beëindig. Vandag is net 1% van die Turke nog Christene.

So was daar in die 17de en 18de eeu redelike onenigheid oor dominees se hare.
In 1642 het die sinode van Gouda reeds bevind dat "wilde" hare tugwaardig is.
Die Sinode van Brielle (1643) het gevra dat onder andere gelet moet word op "lang hare" v studente en proponent.
In dieselfde jaar het die sinode van Gelder 'n beroep gedoen op ringe van die sinodale gebied om "in eerste plek" daarop te let dat predikante en teologie studente nie moet aanstoot gee deur hulle lang hare nie.
Verskilllende sinodes het met mekaar gewedywer om die swaarste straf denkbaar teen "die hemeltergende en die gewyde orde onterende lang hare" in te stel.
Dit is nogal prettig om die kerk se hareverhaal te lees, maar dit is 'n lag met 'n traan.

Oor die afgelope paar jaar trap ons maar in dieselfde slaggat. Hier is 'n paar vioolspeel oomblikke:

- ons het gedebatteer oor die swart pak en wit das, oor die dominee se toga, die vrou se hoed en waar kerkraadslede moet sit
- die vrou in die amp
- watter liedere in eredienste gesing mag word
- nagmaal in families
- wie in eredienste en nie in gemeentes toegelaat word

Die kerk praat en stry oor onbenullige dinge. Rome brand en ons speel viool.

Na die gebruik van nagmaal gaan ons kyk na dinge wat die gemeente in Filippi reg doen en waarin hul nog kan groei. Dit is egter duidelik dat die Filippense, en ook onsself nie uit eie kan regdoen of kan goeddoen nie. Dit is die Here wat dit in en deur ons moontlik maak. Ons lees daarvan in Filippense 1:6: "Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom."

God se reddingswerk in ons wat hier is se lewens het begin toe Jesus mens geword en toe Hy in ons plek, vir ons sonde, aan die kruis sterf. Dit het gebeur toe Hy opstaan en in ons nuwe lewe werk.

Sy werk in ons het ‘n werklikheid geword toe die Heilige Gees in ons kom woon en ons opgeroep het tot bekering. Dit is God wat in my en jou lewe in oorvloed werk.
Die Heilige Gees laat ons geestelik groei en verander ons eie wil sodat ons al meer wil doen wat God wil hê.
Hierdie proses van Godgewerkte groei na geestelike volwassewording duur voort totdat Jesus weer kom.
Wanneer ons nou nagmaal gebruik, laat ons die fokus op God val. Ons vier Sy lewensveranderende werk en die liefde van die Vader, Seun en Heilige Gees in en deur ons.

Vanuit die Vader, Seun en Heilige Gees se lewensveranderende werk in hulle, leef die gemeente in Filippi reg. Vir meer as 10 jaar vandat die Here die gemeente deur Paulus tot stand gebring het, dien hul die Here.
Hulle aanvaar Paulus as God se geestelike leier. Daarom is Filippense is die enigste brief waarin Paulus hom nie identifiseer as apostel nie, dit is nie nodig nie.
Hul werk saam met Paulus om die Goeie Nuus verder uit te dra.

Hulle dien van die Here is ook sigbaar in hul sorg vir Paulus.
In die tyd waarvan ons hier lees, is Paulus onder huisarres, en dus eintlik niks werd vir die Filippense nie.
Tog het hulle hom en ook nie die waarheid wat hy aan hulle verkondig het, vergeet nie.
Hulle sorg vir hom. Hulle het hom gereeld finansieël ondersteun.
Ook nou, terwyl hy in gevangenisskap in Rome is, het hulle Epafroditus na hom gestuur met ‘n geskenk.
Met sy terugkom uit Rome is dit dieselfde Epafroditus wat waarskynlik die Filippense brief of ‘n deel daarvan vir die gemeente saambring.

Nadat Paulus ‘n dankgebed vir die Here en gemeente gedoen het, kom Hy by iets waarin die gemeente nog moet groei.
Hulle is gehoorsaam aan die groot gebod. Hulle het liefde vir God, mekaar en vir Paulus, maar dit moet groei.
Paulus bid in Filippense 1:9 dat die gemeente se liefde sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling sodat hulle die dinge kan onderskei waarop dit werklik aankom.

Ons is in die middel van die 7 weke van sinsoekers reeks in ons gemeente. Om sin te soek in die lewe begin by gebed vir God se leiding en vir groei in liefde in ons eie en medegelowiges se lewens.

Ons liefde moet toeneem in begrip, in kennis van die Bybel, in kennis van God, sy liefde, beloftes en gebooie.
Dit sluit aan by dit wat Paulus net ‘n 3 hoofstukke verder in Filippense 4:8 skryf: “Weet julle waaraan julle moet dink in plaas daarvan om julle te sit en bekommer? Dink aan dit wat vir God saak maak, dinge wat ordentlik en reg is, dinge waaraan God sal dink en waarvan Hy sal hou, dinge wat God sal sê goed is. Moenie julle tyd mors om aan allerhande nuttelose dinge te sit en dink nie. Hou julle besig met dinge wat die moeite werd is en wat God in ’n goeie lig stel.” (die Boodskap)

Hulle liefde moet ook groei in Geesgewerkte fyn aanvoeling tussen reg en verkeerd.

Die Bybel gee baie duidelike riglyne vir die lewe. Maar die Bybel is nie ‘n pasklaar program met al die moets en moenies nie.
Daarom moet ons liefde elke dag groei in kennis en in Godgewerkte gevoel, sodat ons onderskeidingsvermoë sal hê om die verskil tussen reg en verkeerd, goed en sleg en belangrik en onbelangrik te weet en te voel.

Waar liefde groei in begrip en fyn aanvoeling, sal ons ons nie besig hou met vioolspeel nie. Ons sal op die regte dinge fokus. Ons sal kan onderskei tussen die beter en die beste dinge. Ons sal die beste besluite neem en dit uitvoer.

Ons sal saammet Paulus eerste dinge eerste stel en deel in sy wens in Filippense 3:10-11: “Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.”

Wanneer ons liefde in gebed groei in begrip en fyn aanvoeling sodat ons die dinge kan onderskei waarop dit werklik aankom, sal ons skoon en onberispelik lewe op die dag wanneer die Here weer kom!
Jesus Christus help ons vandag omso, geheel en al in die regte verhouding met God, tot sy lof en eer te leef.
Amen